# DIE SKIPPER

GEMEENTENUUS

2024 VOL.3

DESEMBER 2024




## KERSSANGDIENS

*24 November 2024*







## ADVENT 2024

*Die vier kerse simboliseer nie net die vier weke van afwagting voor Kersfees nie, maar ook die vier eeue van afwagting tussen Maleagi en Christus se koms.*



Die pers of koningsblou is koninklike kleure en verwys na die majesteit van die Seun van God. Die ligroos simboliseer vreugde.

Die kerse is soos volg en word elke Sondag aangesteek vanaf 01 Desember:


- Eerste Sondag – Kers van Hoop
- Tweede Sondag – Kers van Vrede
- Derde Sondag – Kers van Vreugde
- Vierde Sondag – Kers van Liefde
- Kersdag – Christuskers

# KATEGESE PIZZA RALLY

*13 September 2024*


'n Bybel-vasvra om jou pizza se bestandele te verdien ... dit was nou lekker pret!














# POTJIE OPSKOP

*05 Oktober 2024*

Die potte het behoorlik geprut!!!



# NUWE NAAMBORD

*19 Oktober 2024*

Baie dankie aan Salon Nissi vir ons nuwe naambord!






... en al die hande wat dit weer spog-mooi gemaak het!

---

# GHOLFDAG

*01 November 2024*

Die somerson het nie die manne en dames gestop om hulself te geniet nie.  Hierdie was beslis die eerste van vele ...










# KUNSUITSTALLING & VEILING

*29 November 2024*

Wie sou ooit kon glo dat Deneysville kon spog met soveel talent! Almal se harte was oop vir Barmhartigheid en dit was beslis 'n aand om lank te onthou!
















# GLIMLAG PROJEK

*06 Desember 2024 - 18h00*








Moenie uitmis nie ... kom sit 'n glimlag op iemand anders se gesig en sommer ook op joune! Pakkies word uitgedeel op Saterdag, 07 Desember.

Kontak gerus vir Atha by die kerkkantoor vir verdere inligting op 016 371 1405.



01 Desember 2024
– Kara Nel

# WELKOM AAN ONS NUWE DOOPLIDMATE



03 November 2024
– Mia Lombaard



27 Oktober 2024 –
Deandre Jansen
van Rensburg

# UIT DIE PEN VAN ONS LERAARS



## KERSFEES IS MEER AS EEN DAG

Christene, en selfs nie-Christene, vier Kersfees as Jesus se geboortedag. Of Jesus werklik op 25 Desember gebore is of nie, sy verjaardag bly die grootste fees in die geskiedenis. Dit gaan per slot van sake nie oor die dag nie maar oor die Persoon. Maar wat van Advent – die vier weke wat Kersfees voorafgaan? Is dit nodig om hierdie opbou tot Kersfees te vier. Advent beteken letterlik die "naderende koms" van Christus.

As ons na die geboorteverhale in Matteus en Lukas sowel as die begin van Johannes kyk, sien ons dat die koms van die Messias oor 'n lang tyd deur veral die profete aangekondig is. Jesus se koms is gretig afgewag deur baie Jode destyds. Die storielyn van die Bybel bou op na die klimaks van die geboorte van die Messias. Adam en Eva het pas van die verbode vrug geëet of God belowe: Haar nageslag sal jou kop vermorsel (Genesis 3:15). Hierdie Messias sou 'n nakomeling van Abraham en Dawid wees.

Maar voordat dinge beter word, word dit egter eers erger. Die ryk van Israel word verdeel; die volk word in ballingskap weggevoer. Na 70 jaar ballingskap keer van die Israeliete terug na hulle land. Die tempel word herbou. Kenmerkend van hierdie tyd is dat die profetiese stem geleidelik stiller word. Die priesters word meer korrup. Die tafel is gedek vir die koms van die Messias…… Matteus begin sy evangelie deur Jesus bekend te stel as die Seun van Dawid, die Seun van Abraham. Lukas sê Jesus is die Seun van Adam en die Seun van God. 'n Menigte antieke beloftes word vervul. Johannes sê dat Jesus die Woord is wat mens geword het.

Kersfees herdenk die lang verwagte geboorte van die Messias, maar daar is meer as net die dag van Jesus se geboorte. Die onderliggende uitgangspunt van Advent is duidelik: Jesus se geboorte het nie in 'n lugleegte plaasgevind nie. Sy koms was die vervulling van duisende jare van toenemende verwagting van die koms van die Messias en Verlosser van die mensdom. As ons hierdie groter storie in gedagte hou, verstaan ons die aankondiging van die engele in sy volle Bybelse konteks:

Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! (Lukas 2:10 – 11).

Hierdie was nie 'n gewone kind nie; hierdie was nie 'n gewone geboorte nie. Hierdie is die bekendste aankoms in die geskiedenis van die wêreld. Dit is die aardse begin van God se evangelie in persoon wat lei tot verlossing van sonde, lyding en dood. Dit is te groot om in een dag vasgevang te word. Advent is dus vier weke van voorbereiding en vreugde. Ons staan in verwondering oor die koms van God self om mense te verlos. En hierdie verwondering hou nie op as die kersliedere vervaag nie. Dit hou nie op as die Nuwejaarpartytjies gereel word nie. Dit hou nie op as die winter kom en die lente later aanbreek nie. Dit hou aan…..elke dag.

*Ds. Dirk Du Preez*



# OPKOMENDE DATUMS

### *Desember 2024*


**06** – Wegneemetes om 17h00
**06** – Glimlag Projek om 18h00
**25** – Kersdiens om 08:00
**31** – Oujaarsdiens om 19:00

### *Januarie 2025*

**13-16** Week van Gebed om 18:30
**19** – Kategese Open
**25** – Kategese Ken Mekaar na kerk
**27** – Basaarbeplanning

### *Februarie 2025*
### *Sending-maand*

**22** – Kategese Uitreik
**23** – Nagmaal



# KONTAK ONS

**Bankbesonderhede**:

NG GEMEENTE DENEYSVILLE
ABSA Tjekrekening
Takkode: 630-137
Reknr: 405-226-4018

Vir enige navrae of hulp kan Atha by die kerkkantoor gekontak word:

Tel: (016) 371 1405
WhatsApp: 0163711405
Epos: ngdeneysville@outlook.com



GESEËNDE KERSFEES

## VOLGENDE UITGAWE: FEBRUARIE 2025